# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 4 SEPTEMBER 2022

Jeremia 18:1-11

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (1)

**Familiediens** om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (7)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel | Ds. Dietmann

**Aanddiens** om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie

## SENIORWEEK | 4 TOT 6 SEPTEMBER

- Ons nooi alle senior lidmate na die oggenddiens op 4 September om 09:00 in die kerk en die byeenkomste wat die res van die week aangebied word. Die diens plaas spesiale fokus op senior lidmate en ons verwelkom ook in besonder Ruyterwacht Senior Sentrum se koor wat tydens die diens optree. Eetgoed en tee word na die diens aan ons senior lidmate bedien.
- Op 5 September besoek ons die Franschhoek-motorskou. Om toegang tot die motorskou te verkry, is dit noodsaaklik dat jy jou plek teen 2 September by Anneke (021 976 4519, kerkkantoor) bespreek. Koste: R60 per persoon. Daar is 'n koffiewinkel waar versnaperinge gekoop kan word. Die bussie vertrek 09:30.
- Op 6 September om 10:00 bied prof. Niehaus 'n praatjie oor Alzheimersiekte in die kleinsaal aan. Toegang is gratis. Bespreek jou plek asb. teen 2 September by Anneke 021 976 4519.

## OPNEEM VAN KOLLEKTE

Die opneem van bankkollekte tydens eredienste word hervat. Oorweeg asseblief biddend jou bydrae tot die Here se werk. Jy kan ook die SnapScan-toepassing hiervoor gebruik.

Verwysing KOLLEKTE

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

**Vosburg-gemeente**

Stellenberg het reeds 'n jare lange verbintenis met dié plattelandse gemeente. Die boeregemeenskap is die afgelope jare deur erge droogtes geteister met ernstige finansiële en psigiese implikasies.

## DOOP VANDAG

- Charl en Leanne Bestbier, laat doop vir Armand en Stefan Bestbier.
- Francois en Suzaan Marais, laat doop vir Milea Marais.
- Quinton en Lauren Stewart, laat doop vir Luka David Stewart.
- Franco en Adéle van Deventer, laat doop vir Ziané van Deventer.

## *MI-CHANGE-KOEPONNE*


Jy kan ook nou 'n verskil maak en op 'n verantwoordelike wyse hulp aan haweloses voorsien. Mi-Change-koepons is nou by die kerkkantoor beskikbaar. Koop 'n koepon teen R50 en skenk dit aan 'n hawelose persoon. Met die koepon kan die ontvanger by enige MES-sentrum 'n maaltyd, slaapplek, 'n stort en 'n kombers bekom.

## SO VERTOON ONS INKOMSTE

Ons is baie dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werk met dankoffers ondersteun. Oorweeg asseblief om jou maandelikse dankoffer per debietorder te gee en die debietorder ook jaarliks te verhoog. Bydraes kan ook elektronies, of d.m.v. SnapScan of koeverte gegee word. Die grafiek gee 'n voorstelling van dankoffers soos ontvang vanaf 2019 tot 2022. Die bedrae is soos volg:

2020 - R503 430 | 2021 - R494 131 | 2022 - R467 449

Begroot vir 2022 - R500 000




**KLEUTERKERK**

09:00 in die grootsaal

**ANNIBRAND JUNIOR**

Na die oggenddienste tot 10:45

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en verdeel na die diens in kleingroepe.

**VROUEBYBELSTUDIE**

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. Hulle het op 22 Aug. met 'n nuwe reeks oor vroue in die Bybel begin. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## STOOR ONS WHATSAPP-NOMMER

Stoor asseblief die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon. Raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selfoonnommer, asook die ander lede op die lys se selfoonnommers, is nie sigbaar nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp om boodskappe deur die verspreidingslys te ontvang.

## TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES

Die weeklikse tafelgesprekke is op www.stellenberg.co.za beskikbaar, of sluit by die WhatsApp-groep aan om die weeklikse vrae op jou selfoon te ontvang, sien bladsy 4 van die bulletin.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Willem Daniël Kotze (Willie) Beukes (17/10/1938-29/08/2022). Willie was sedert 1996 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy dogter, Helena, wat hy agterlaat. Gedenkdiensreëlings is nog nie bekend nie.

## VEILING | OMGEETRUST

Op Dinsdag 6 September bied die omgeetrust 'n veiling aan met die oog op fondsinsameling vir die projekte wat die trust in Elsiesrivier, Mavusa, Ruyterwacht, Zoar en Prins Albert ondersteun. Enige navrae rakende die veiling kan aan Callie Visagie (072 385 4368) gerig word.

## VAKATURE BESKIKBAAR

Stellenberg-gemeente het 'n vakature vir 'n junior nutsman. Kennis en ervaring van algemene herstelwerk is 'n vereiste vir die pos.

Datum van diensaanvaarding 1 Oktober 2022. Stuur 'n aansoek en CV aan odette@stellenberg.co.za. Navrae kan gerig word aan René Potgieter by 021 976 4519. Sluitingsdatum 16 September 2022.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## TAFELGESPREKKE OP WHATSAPP

Indien jy die weeklikse tafelgesprekke op jou selfoon wil ontvang, skandeer gerus die QR-kode (regs) en sluit by die groep aan. Jy sal dan Vrydagoggende (tydens skoolkwartale) die tafelgesprekke per WhatsApp op jou selfoon ontvang.

## ONTVANG JY ONS KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za. Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

EDELWEISS

BYBELSTUDIE

8 September 15:00

Psalm 23

Die Here is my herder!

NAGMAAL

11 Sept. 17:00 in die versorgingseenheid en 17:30 in die sitkamer.

BREIGROEP

Ontmoet weer op Maandag 12 September om 09:30 in die mark-plein.

HUIS ARISTEA DURBANVLLE

BEDIEN

Elke Vrydag om 10:00 tee en koek @ slegs R40.

EDELWEISS

Alle pensioenarisse word genooi om teen R70 per jaar as buitelede by die sentrum aan te sluit en dan van Edelweiss se dienste gebruik te maak. Navrae: Mev. Louw 021 976 1150.